# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| **Hoe om die studiewerkgids te gebruik** | **vi** |
| **Voorwoord: Schalk Schoombie** | **vii** |
| **Voorwoord: André Stolz (regisseur van die teaterproduksie)** | **ix** |
| **Afdeling A: Agtergrond** | **1** |
| **Biografie: Schalk Schoombie (dramaturg)** | **1** |
| ***My Japan*: Ontstaan van die drama** | **1** |
| **Intrige** | **1** |
| **Subintrige** | **2** |
| **Pre-lees: Vrae** | **3** |
| **Japan: Agtergrond en kaart** | **4** |
| **Droomstruktuur** | **4** |
| **Titel** | **5** |
| **Temas** | **6** |
| Goth | 6 |
| Gotham City | 7 |
| Selfsny | 8 |
| **Japannese mitologie (Intertekstualiteit)** | **8** |
| Akashita | 9 |
| Futakuchi-onna | 9 |
| Okiku | 10 |
| **Ander verwysings na Japan** | **10** |
| Japannese manga | 10 |
| Kalligrafie | 11 |
| *The Grudge* | 11 |
| Tsoenami | 11 |
| **Afdeling B: Opsomming van elke toneel en kontekstuele vrae** | **13** |
| Toneel 1 | 13 |
| Toneel 2 | 18 |
| Toneel 3 | 22 |
| Toneel 4 | 26 |
| Toneel 5 | 30 |
| Toneel 6 | 35 |
| Toneel 7 | 39 |
| Toneel 8 | 44 |
| Toneel 9 | 48 |
| Toneel 10 | 51 |
| Toneel 11 | 56 |
| Toneel 12 | 60 |




My Japan studiewerkgids.indb 3 2016/09/06 6:05 PM

**Afdeling C: Opstelvrae** 62
**Vereistes van die KABV** 62
**Kriteria** 62
**Wenke vir die beantwoording van die opstelvraag** 62
**Opsommings in tabelvorm** 64
**Voorbeeld van 'n literêre opstel** 67
**Moontlike opstelvrae** 67

**Afdeling D: Letterkundige kennis** 69
**Bou van die drama** 69
**Karakteriseringstegnieke** 71
**Karakters** 71
Ilse (hoofkarakter/protagonis) 71
Newekarakters 73
Mercia/Ma (antagonis) 73
Elzette 75
Engela (tritagonis) 76
Lukas 77
Die L-bende 77
Gerrit 77
Wim 78
Juffrou Venter 78
Marioka San 78
Jun 79
Matrone en Suster 79
Danie 79
Figurante 79
**Milieu** 79
**Tyd** 80
Vertelde tyd 80
Verteltyd 80
**Ruimte** 80
Speelruimte, gehoorruimte en leesruimte 80
Veelsydige ruimte 80
Dramatiese ruimte 82
Visuele binneruimte 82
Gesuggereerde buiteruimte 83
**Aspekte van die drama** 83
Beperkings van die drama 83
Eenheid van die drama 83
Dramatiese doelstelling 83
Dramatiese ironie 84



My Japan studiewerkgids.indb 4 2016/09/06 6:05 PM

Dialoog 84
Monoloog/Alleenspraak 84
Handeling 84
Konflik/Botsing 85
Simboliek 85
**Hulpmiddels in die drama 87**
Dekor 87
Rekwisiete 87
Musiek 87
Beligting 87
Byklanke 87
Kostuums 88
**Stemming en toon 88**
**Progressie: Weer en wind 88**
**Sentrale tema 89**

**Afdeling E: Konsepvraestel 90**

**Afdeling F: Terminologie 95**

**Bronnelys 99**

**Lys van akteurs in die *My Japan*-teaterproduksie 102**




My Japan studiewerkgids.indb 5 2016/09/06 6:05 PM

# Afdeling B: Opsomming van elke toneel en kontekstuele vrae

## Toneel 1: Danie se verdrinking (terugflits – droom) (bl. 26–28)



Foto: Ilse se droom. [André Stolz Produksies]

**Karakters:** Ma, Ilse, Matrone en Suster

### Moeilike woorde

**duvet (uitspraak *doewei*)** – *'n plat deken gevul met dik materiaal waaronder 'n mens kan slaap*
**uniform** – *voorgeskrewe kleredrag vir verpleegpersoneel*
**trollie** – *stootwaentjie wat gebruik word om hospitaaltoerusting en medikasie na pasiënte se kamers te neem*
**groen-oog monster** – *jaloesie*
**stormagtig** – *onstuimige donderweer; rukwinde*
**vloedhekke** – *toestel wat gebruik word om die vloei van water te beheer*
**stormwaterpyp** – *afvoerpyp vir dreinering van reënwater in dorpe of stede*
**blitse** – *weerlig*
**depressie** – *emosionele neerslagtigheid/swaarmoedigheid*

### Opsomming

Hierdie toneel speel af by Mercia se huis. Sy is besig om wasgoed op te hang, terwyl Ilse lê en slaap. Danie speel by die wasgoeddraad. Wanneer die weer opsteek, roep Ma vir Ilse om te kom help om die wasgoed af te haal, maar sy weier. Dit ontaard in die eerste van vele argumente oor onbenullighede.

Die oomblik dat Matrone en Suster op die verhoog verskyn, word die handeling aan die gang gesit. Die motoriese moment is 'n terugwysing na die traumatiese ervaring van Danie se verdrinking en Mercia se behandeling in die Grootvlei Inrigting. Die uitdeel van die pille het simboliese betekenis.

Die verwysing na Akashita en die onweer wat progressief opbou, skep 'n onheilspellende atmosfeer. Die kontras tussen ma en dogter word hier beklemtoon deur Ilse wat in haar verbeeldingswêreld wegsink en Ma wat naarstiglik na Danie soek.



My Japan studiewerkgids.indb 13 2016/09/06 6:05 PM

## Kontekstuele vrae

1.1 Bestudeer die neweteks (toneelaanwysings – kursief gedruk) van **toneel 1**. Identifiseer die kontras tussen Ma en Ilse. Noem drie aspekte.

(3 × 2) [3]

1.2 Wat is die fokuspunt van die toneel (verhooginkleding)?

(1) [1]

1.3 Hoe word beweging, soos die effek van wind wat waai, bewerkstellig?

(1) [1]

1.4 Beskryf Ma (Mercia) se voorkoms en handeling tydens **toneel 1**.

(2) [2]

1.5 Bestudeer **spreekbeurt 7**.

1.5.1 Wat word deur Ma se woorde in **spreekbeurt 7** gesuggereer?

(1) [3]

1.5.2 Watter afleiding kan die toeskouer maak omtrent Ma se agtergrond?

(1) [3]

1.6 ***Weerlig blits agter.***

1.6.1 Watter hulpmiddels kan die regisseur gebruik om die weerlig uit te beeld?

(3) [4]

1.6.2 Waarvan is die onweer 'n simbool?

(1) [3]



My Japan studiewerkgids.indb 14 2016/09/06 6:05 PM

1.7 Bestudeer **toneel 1** noukeurig en bespreek Ma se karaktereienskappe soos dit na vore kom in hierdie toneel. Dui telkens die karaktereienskap, die bewys en die karakteriseringstegniek wat gebruik word, aan. Noem drie gevalle.

(3) [3]

1.8 Watter emosie gaan met "stouterd" in **spreekbeurt 9** gepaard?

(1) [3]

1.9 Die verskyning van Matrone en Suster verwys na iets wat in die verlede gebeur het. Wat word so 'n verwysing in 'n drama genoem?

(1) [2]

1.10 Skets kortliks die rede vir die verwysing.

(1) [2]

1.11 Dink jy dat die weglating van die suster en die matrone se name gepas is? Motiveer.

(2) [4]

1.12 Verduidelik waarom die verskyning van die verpleegpersoneel as die motoriese moment beskou kan word.

(2) [3]

1.13 Definieer die protagonis en antagonis in die drama. Verduidelik watter karakters die protagonis en antagonis verteenwoordig. Motiveer.

(2 × 3) [3]

1.14 Verduidelik wat die verskillende kleure vir Ma en Ilse simboliseer. Verskaf 'n rede vir die simboliese betekenis.

**Groen**

Ma –

Ilse –



My Japan studiewerkgids.indb 15 2016/09/06 6:05 PM

**Geel**

Ma –

Ilse –

**Rooi**

Ma –

Ilse –

**Swart**

Ma –

Ilse –

(4 × 2) [3]

1.15 Waarom, dink jy, is dit insiggewend dat die matrone (en nie Ma of Ilse nie) die wit pil drink?

(1) [4]

1.16 Verduidelik in jou eie woorde die betekenis van die spreekwoord in **spreekbeurt 25**:

***Die glas is halfvol, nie halfleeg nie*.**

(1) [3]

1.17 Haal 'n bewys op bl. 27 aan dat Ilse haarself verontskuldig vir Danie se dood.

(1) [3]

1.18 Bestudeer **spreekbeurt 27**–**29**. Verwys Ma en Ilse na dieselfde persoon? Verduidelik.

(2) [3]

1.19 Na watter Christelike Bybelse verhaal word in **spreekbeurt 30**–**31** verwys?

(1) [3]



My Japan studiewerkgids.indb 16 2016/09/06 6:05 PM

1.20 Verklaar die funksie van die ellips in **spreekbeurt 30–31**.

(2) [3]

1.21 Watter suggestie is opgesluit in **spreekbeurt 34** en **35**?

(2) [3]

1.22 **Spreekbeurt 43** sluit aan by die titel. Verklaar die verband tussen die titel en die spreekbeurt.

(2) [3]

1.23 Evalueer of *Amaja* 'n goeie keuse is vir Ilse se Japannese naam. Motiveer.

(2) [5]

1.24 Watter parallel (ooreenkoms) en verskil is daar tussen Danie en Okiku?

(2) [3]

## Post-lees: Mite/volksverhaal/vertelling

1.25 Skryf 'n kort weergawe van enige Suid-Afrikaanse mite/volksverhaal. Dink byvoorbeeld aan die verhaal van Antjie Somers, die Vaaldam-monster of die spookmeisie van Uniondale.
(Die vertelling kan aan die klas voorgelees word.)



My Japan studiewerkgids.indb 17 2016/09/06 6:05 PM